



Matriekleerlinge besig om 'n vak in die matriekeindeksamen te skryf.

Foto: ARGIEF

# Keer terug na die basiese



'n Nasionale onderwysindaba waarop onderwysers, werkgewers, amptenare en beleidmakers almal saam 'n nuwe sinvolle kurrikulum van terug na die basiese vir ons land se skole ontwikkel, is dringend nodig, skryf **Jeanette de Klerk-Luttig**.

**M**eer as die helfte van Suid-Afrika se bevolking leef in uiterse armoede en het minder as R411 per persoon per maand om van te leef.

Met die bekendmaking van hierdie statistiek het dr. Pali Lehohla, statistikus-generaal, gesê: "Ek meen 'n oplossing vir ons probleme lê in die onderwys, maar dit is 'n langtermynoplossing, 20 jaar en langer."

Om gehalteonderwys vir elke kind in elke klaskamer in ons land 'n werklikheid te maak gaan indringende veranderinge oor tyd verg, want onderwys is nie een van demokratiese Suid-Afrika se suksesverhale nie.

Volgens Lehohla is die huidige onderwys in die meeste skole swakker as in die tye van "bantoeonderwys" voor 1994.

Die redes hiervoor is goed nagevors – van die fokus op kwantiteit eerder as kwaliteit, gebrekkige verantwoordbaarheid, verlamende onbevoegdheid op byna elke vlak en ondeurdagte kurrikulumkeuses.

## Watter uitkomst?

Die kurrikulum van die staatskole in ons land toon 'n reaktiewe pedulum-effek, waar telkens in beleid en praktyk van die een uiterste na die teenoorgestelde uiterste beweeg word.

En dit gebeur sonder die insette van ervare onderwysers of die werkgewers van skoolverlaters.

Ná 1994 is uitkomstgebaseerde onderwys (UGO) voorgehou as 'n alternatief vir wat wyd beskou is as rigiede stelsel wat gegrond

was op inhoud en om die onderwyser gesentreerd was. Die kritiek was dat dit té veel op die blote onthou en weergee van inhoudelike kennis gefokus was.

Suid-Afrika se variasie van UGO was 'n mengsel van die benadering wat in Australië, Kanada, Nieu-Seeland en Skotland gevolg is. Maar waar dié lande dit net vir beroepsopleiding gebruik het, het ons dit op die hele onderwysstelsel toegepas.

Van die basiese voorvereistes vir geslaagde UGO is klein klasse, goed opgeleide onderwysers en goeie toegang tot hulpbronne.

In Suid-Afrika was UGO 'n hartseer katastrofe wat nie die beoogde gelyke geleenthede vir almal gebring het nie, en ook nie leerlinge bemagtig het om kreatief en selfstandig te dink nie.

Die gevolg was dat duisende leerlinge die skool verlaat het met minder kennis en vaardighede as leerlinge voor 1994.

## Inhoud, inhoud, inhoud

UGO is toe in 2013 vervang deur die kurrikulum-en-assesserings-beleidsverklaring (Caps), wat 'n groot verbetering is.

Maar ongelukkig het die pendulum wêr te ver geswaai en die huidige kurrikulum het talle probleme en tekortkominge.

Dit is eenvoudig te swaar aan inhoud. Elke periode is vol inhoud en die veronderstelling is dat al die leerlinge dieselfde hoeveelheid leerstof in dieselfde tempo suksesvol kan hanteer.

Die doel van dié rigiede kurrikulumfokus op inhoud is om te verseker dat al die leerlinge in

## Baie onderwysers, in veral landelike skole, dek eenvoudig minder as 'n derde van die voorgeskrewe kurrikulum.

die land op dieselfde tyd op dieselfde plek is – 'n onrealistiese en onhaalbare ideaal.

Net so min as wat 'n klomp leerlinge wat saam in 'n 100 m-wedloop wegspring, saam by die wenpaal gaan aankom, net so min kan al die leerlinge in 'n klas ewe veel inhoud teen dieselfde tempo suksesvol verwerk.

## Gebrekkige vaslegging

Caps gee ook geen tyd vir die behoorlike vaslegging van konsepte nie en talle leerlinge het dus net 'n oppervlakkige begrip van die inhoud.

As jong leerlinge byvoorbeeld 'n oppervlakkige begrip van getalle het, begin hulle letterlik elke dag byna van voor af, want hulle het nog nie werklik die kennis vasgelê nie.

Ervare onderwysers wat die broodnodige vaslegging van inhoud doen, raak meer en meer agter en word dan berispe omdat hulle nie streng by die voorgeskrewe kurrikulum hou nie.

Die kurrikulum laat ook geen tyd vir remediering toe nie.

Agerstande kan nie ingehaal word nie, want in die volgende periode moet nuwe inhoud behandel word.

Die leerlinge wat agter raak, raak eenvoudig net nog verder agter.

Soos 'n stuk breiwerk waar steke laat val is, word die gate in hul kennis net groter en groter, en later rafel alles uit.

Onderwysers weet uit ervaring dat 'n leerprobleem later 'n gedragsprobleem word. Sonder goeie remediërende onderwys in ons skole, raak talle leerlinge net nog verder agter en verdwyn later uit die onderwysstelsel sonder dat hul vermoëns en talente kans gekry het om te ontwikkel.

Die oorvol kurrikulum lei verder daartoe dat baie leerlinge oorweldig en angstig voel, en dan word die skool vir hulle 'n negatiewe en bedreigende plek.

Wanneer jy daarby voeg dat leerlinge te veel geassesseer word, verstaan jy waarom soveel jong kinders en hul ouers so onnodig gespanne is.

## Nie kreatiewe denke

Nóg 'n negatiewe gevolg van die huidige kurrikulum is dat opvoeders noodgedwonge die werk wat nie in die klas gedoen kan word nie, as huiswerk gee.

Navorsing toon baie huiswerk, veral in die geval van laerskoolleerlinge, is nadelig. Die leerlinge wie se ouers baie lang ure werk en nie daar is om hulle met hul huiswerk te help nie of die ouers wat nie self oor die akademiese agtergrond beskik om hul kinders te help nie, raak ook dikwels agter.

Weens die rigiditeit van die huidige kurrikulum en die oormatige assessering is daar nie

werklik tyd vir die ontwikkeling van kreatiewe en kritiese denke nie.

Ons land het kritiese en kreatiewe denkers baie nodig. Kritiese denke is 'n voorvereiste vir verantwoordelike burgerskap in 'n demokrasie, en kreatiewe denke is onmisbaar vir die ontwikkeling van entrepreneurskap waarsonder ekonomiese groei moeilik plaasvind.

## En basiese vaardighede?

Die negatiewe gevolge van Caps is uiteenlopend: Talle goeie, hardwerkende onderwysers raak verlore omdat hulle moedelos word met die oorvol kurrikulum en oormatige assessering. Baie onderwysers, in veral landelike skole, dek eenvoudig minder as 'n derde van die voorgeskrewe kurrikulum. Talle skoolverlaters besit weer nie die basiese skryf-, lees- en rekenvaardighede vir die werkplek nie.

Ons kan nie bekostig om nog skoolverlaters die lewe in te stuur sonder die basiese vaardighede om te kan werk nie.

'n Nasionale onderwysindaba is dringend nodig waar onderwysers, werkgewers, departementele amptenare en beleidmakers bymekaarkom en saam 'n "pedagogie van relevansie" – 'n nuwe werkbare, sinvolle kurrikulum van terug na die basiese vir ons land se skole ontwikkel.

Ons kan nie nog 'n geslag leerlinge drop nie!

■ **De Klerk-Luttig is 'n opvoedkundige verbode aan die Kantoor vir Morele Leierskap by die Universiteit Stellenbosch**

